




Minister Voorspel Voedseltekorte

Die Minister van Landbou, mnr. J. G. N. Strauss, het verlede Vrydag in die Senaat aangekondig dat die Unie hierdie jaar weer groot voedseltekorte sal ondervind.

Wat brood betref, het hy gesê dat daar 2,000,000 sakke meel ingevoer sal moet word sodat daar geen sprake van wit brood kan wees nie, en die publiek sal alles in sy vermoë moet doen om brood te bespaar.

Ook die vleisposisie vir die groot stede is donker volgens die Minister, wat verklaar het dat die toestroming van veral skaapvleis na die mark nog steeds afneem, terwyl die gehalte beesvleis 'n groot daling in gehalte openbaar. Daar is ook 'n groot tekort aan botter en melk, en die posisie is so sleg dat daar toevlug geneem sal moet word tot 'n baie strengte rantsoenering van botter ten einde deur te kom. Die bottervoorrade van die land was op 29 Maart 1,600,000 pond minder as 'n jaar gelede, toe daar ook 'n groot skaarste was.

(Op 27 Maart het mnr. Hofmeyr aangekondig dat daar

LONDEN NET 'N DAG VAN KAAPSTAD

Die afstand tussen Londen en Kaapstad is vir die eerste keer binne 24 uur afgelê toe 'n Mosquito-vliegtuig van die Britse lugmag wat verlede Donderdag die bestaande rekord van 32 uur 21 minute in die skadu gestel het.

Die afstand van 6.713 myl tussen Londen en Kaapstad is in presies 21 uur 31 minute afgelê. Die gemiddelde snelheid van die Mosquito was 313 myl per uur.

Binne enkele ure nadat hierdie vliegtuig in Kaapstad geland het, is 'n tweede rekord opgestel vir 'n vier-motorige vliegtuig, toe 'n Aries II, ook van die Britse lugmag, die afstand tussen Londen en Suid-Afrika in 26 uur 57 minute afgelê het.

Die twee vliegtuie het nie dieselfde roetes gevolg nie.


Kommuniste Verslaan

In die algemene verkiesing wat in Japan gehou is, het nie een kandidaat van die Kommuniste die meerderheid behaal nie. Genl. MacArthur, Geallieerde opperbevelhebber in Japan, het sy dank hiervoor teenoor die Japanse volk uitgespreek. Hy het gesê dat die Japanse volk bewys gelewer het dat hulle nie aan hierdie politieke geloof glo nie.

OOM PAUL HET EERSTE EEN BESIT

Die uitvinding van die radio deur die Italiaanse wetenskaplike Marconi is onlangs herdenk op die vyftigste verjaardag van die Marconi-maatskappy. 'n Groot aantal historiese stukke uit die geskiedenis van die radio-telegrafie is by die geleentheid ten toon gestel. Links op die foto staan die seun van die uitvinder, Marchese Marconi, saam met die voorsitter van die maatskappy by een van die aparate.

Hierdie gebeurtenis roep 'n baie interessante feit in verband met pres. Kruger in herinnering. Die beskuldiging wat soms teen die President ingebring word dat hy dan bekrompe sou gewees het, kan nouliks doeltreffender weêrê word as die noem van die feit dat hy die heel eerste radio-telegrafiese toestel wat Marconi op die mark gebring het, vir die verdediging van die Suid-Afrikaanse Republiek laat koop het. 'n Gedeelte van die apparaat is vandag nog in die Oorlogsmuseum, Bloemfontein, te sien, terwyl die ander deel glo by 'n private persoon êrens aan die Rand moet wees. Die toestel het kort voor die Tweede Vryheidsoorlog aangekom, maar kon ongelukkig weens 'n fout met die gloeilampies nie in die oorlog diens doen nie. 'n Groot bedrag is later deur die Marconi-maatskappy aangebied vir die terugkoop van hierdie museumstuk, dog dit is van die hand gewys.



Veeg Kommuniste Eers Uit Uniegebou Sê K.G.

Dit is verregaande sinisme om te verwag dat 'n regering wie se kabinetslede ere-posisies in kommunistiese vereniging beklee, doeltreffend teen die kommunisme sal kan optree, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Donderdag in die Roodepoortse stadsaal verklaar toe hy 'n groot werkersvergadering toegesprek en 'n hewige aanval op die huidige bewind en sy kommunistiese troetelkindjie gedoen het.

Die K.G. het as volg gepraat: Na die ontsettende gebeurtenisse in Europa, waar die Angelsaksers die Russe aan die oppermag oor Oos- en Sentraal-Europa gehep het en Wes-Europa so verwoes het dat dit ook 'n woestyn geword het, begin die skuldiges nou angs te kry. Die gees wat hulle oor Europa ontken het — die Kommunisme — dié begin hulle nou skrik op die lyf te jaag. En die hele wêreld gaan nog met daardie losgelate monster te doen kry. Die hele wêreld — en ook Suid-Afrika.

In die aangesig van hierdie naderende gevaar word dit nou al byna mode om anti-kommunisties te wees; dieselfde mense wat jaar in en jaar uit net een vyand geken het in Suid-Afrika, naamlik die „fasciste“ (en daarmee het hulle bedoel alle Afrikaners wat nie pro-Empire en pro-Kommunis is nie) daardie selfde mense begin nou die woord „Kommunis“ as 'n skeldwoord aanvoel. Nie dat hulle verstaan waaroor die hele moord nou gaan nie; net 'n geval van liewer dood as uit die mode!

VERLEDE

Maar ons moet altyd onthou dat die verlede nie somer van vandag tot môre afgeskud kan word nie; daar lê 'n baie diepe waarheid in die spreuk „In die verlede lê die hede, en in vandag lê wat moet kom.“ En as hierdie handlanger-regering wat ses jaar lank Afrikaners in die Ossewabrandwag in alle politiese en konsentrasiekampe gegooi het, sonder aanklag en sonder verhoor, nou skielik vertel hulle is die ware Jakob om teen die kommunistiese gevaar op te tree, dan sal elke verstandige mens eers sê: „Wag 'n bietjie, kom ons kyk of hulle gister ook so gepraat het; of doen hulle nou maar so omdat die wind gedraai het en... om hulle eie skuld en sonde vir die bestaan van die kommunistiese gevaar te verberg vir die Volk?“

GROOTSTE GEVAAR

As die O.B. teen die kommunisme optree soek ons by niemand verskoning daarvoor nie. Ons beskou die kommunisme as verreweg die grootste gevaar wat ooit blank Suid-Afrika kan bedreig. So het ons in die verlede gepraat en gehandel; so sal ons in die toekoms optree. Daar-



Dr. van Rensburg

om dat ons met opset die eerste Mei as vergaderdag uitgesoek het. Ons wil hierdie kommunistiese gespuis wat hulle verbeel dat die Rand op 1 Mei aan hulle behoort, wys dat die Afrikanerwerker van die Rand sal vergader net waar en net wanneer hy wil, sonder om die Kaffersekretaris van die Kommunistiese Party, Moses Kotane, te gaan permissie vra. Dit is die vierde keer dat ons Meidag op die Rand vier; voorverlede keer het hulle gedreig dat hulle ons aan die lamppale in Johannesburg gaan hang. Maar hulle het maar net van veraf gedreig!

Verlede jaar het ons hulle en hulle handlangers die Springbok Legion laat weet dat as hulle ons soek, ons in Brakpan te vinde is... maar hulle het maar weer van ver af lawaai opgeskop. Om hulle aan te moedig wil ek hier namens die Afrikanerwerker in die O.B. vir hulle net sê: Hulle moenie so terughoudend wees na hul groot praterij nie. As hulle aanhou

wegbly dan mag die tyd aanbreek waar ons hulle sal gaan opsoek. Daardie dag sal jy 'n debakel van die eerste water sien... en dit gaan nie die debakel van die O.B. wees nie!

REGERING SE VERLEDE

Dit wat betref die houding van die Ossewabrandwag teenoor die kommunisme, nie net vandat dit mode word om teen hulle te gaan nie, maar van die eerste dag af aan. Want ont hou, in die verlede lê die hede. Wat is die houding van die regering, hierdie handlanger en Mbongoregering van die Empire?

Vandag sê generaal Smuts in die parlement dat „die kommunistiese party verkondig 'n duiwelse en ondermynende evangelie. Hul werk ondergronds... maar in die oorlog het hy sy groete en gelukwense gestuur op die dag van die Rooi Leër. En terwyl hy vertel aan sy verbaasde aanhangers dat die kommunistiese leerstellinge 'n „duiwelse evangelie“ is, laat hy manne aankla wat in Oos-Europa teen die Rooi Leër hulle lewens gaan waag het. 'n Engelssprekende soos Mardon, wat teen die Duitsers gaan veg het, maar toe hy sien wat vir Asië en Mongole in Oos-Duitsland, waar hy krygsgevangene was, instroom, toe neem hy die wapen op teen die kommunistiese „duiwelse evangelie“... en nou laat generaal Smuts se regering hom aanklaag van hoogverraad teen Suid-Afrika! En dan verlang hy dat ons sy anti-kommunistiese optrede in die toekoms vir soetkoek moet aanvaar, terwyl die laaste ses jaar niks anders was nie as 'n ondersteuning van die kommunisme en 'n onderdrukking van die anti-kommunistiese Ossewabrandwag.

OP DIE RUG

Vandag wil hulle met die aanvallende anti-kommunistiese golf weer op die Afrikaner se rug na die magsposisie ry... maar destyds het hulle met kommunistiese hulp die Afrikaner ondergeploeg in sy eie va-

derland. Hoe moet ons dit verstaan: daar is net een verklaring: liewer dood as uit die mode! Dit is vandag mode om teen die kommuniste te wees.

Maar om dit nou somer prontuit te sê: Ons glo die regering nie. En ons het alle rede om die regering nie te glo nie!

In die jare toe die O.B. op Meidag aan die Rand, nes vanaand, teen die kommunistiese gevaar gewaarsku en gestry het, het die regering wat nou kastig so wakkerskrik, die kommuniste vertroetel en aangemoedig. Deur hulle Kommunistiese Party en die handlanger-organisasies van die Kommunistiese Party, die sogenaamde „Friends of the Soviet Union,“ ens., het hulle binnekaat die kabinet hul voorsprake en helpers gehad.

MINISTER KIES KANT

Ek lees vir u (en vir die regering) hier voor uit die „Guardian“ — amptelike mondstuk van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika, van 21 Januarie, 1943. Dit was die dae toe die Kommunistiese Party in ons land parmantig geword het, en ook die dae toe Afrikaners wat anti-kommunisties was, by die honderde in die konsentrasiekampe gelê het. Die „Guardian“ se berig lui: „'n Deputasie van die Kommunistiese Party, o.a. advokaat Snitcher, het die Minister van Justisie dr. Colin Steyn, gaan spreek en aan hom meegedeel dat die houding van die polisie voorgee asof die Kommunistiese Party onder verdenking staan; die deputasie kom om ten sterkste teen hierdie houding te protesteer.“ Die blad berig verder dat die Minister van Justisie met die deputasie saamgestem het dat die aanvalle van die fascistiese en half-facistiese elemente op die Kommunistiese Party slegs een doel voor oë het, naamlik om die oorlogspoging te belemmer. En die oorlogspoging gaan natuurlik voor alles; lie-

(Vervolg op bladsy 8)

NUWE MUSSOLINI TREE NA VORE IN ITALIË

Magtige Volksbeweging In Opkoms Teen Kommunisme

Aan die Italiaanse politieke hemel het daar vir die Italiaanse volk wat deur die na-oorlogse omstandighede tot koersloosheid en wanhoop gedwing is, 'n nuwe ligpunt verskyn wat hulle weer hoop gee vir die toekoms en wat hulle beskou as die redding uit die grypkoue van die kommunisme wat reeds 'n vat op die Italiaanse volkslewe gekry het.

Dit Italiaanse volk in sy staat van wanhoop, soek na leiding en na iemand wat hulle uit die moeras waarin hulle beland het, kan uithep. Hiervan het die kommuniste terdeë gebruik gemaak en het tot onlangs geen teenvoeter gehad nie. Met die verskynning van Guglielmo Giannini, 'n kort breedgeskouerde Italianer, in die politieke arena het die kommuniste reeds uitklophoue ontvang wat hulle na die grond laat steier het. Sy nuwe volksorganisasie, Uoma Qualunque, wat „Volksbeweging” beteken, het reeds getoon dat hy 'n geweldige suikrag het en maak reeds aanspraak op sowat vyf miljoen volgelinge. Dit geniet ook die simpatie van 'n groot deel van die Westerse volke wat die teenvoeter vir die kommuniste verwelkom. 'n Groot aantal van sy volgelinge is die eertydse volgelinge van Mussolini.

SOOS VROEER

Dit is opvallend dat die geboorte van hierdie nuwe Italiaanse volksbeweging gepaard gaan met dieselfde omstandighede as waarin Fascisme onder die Duce in 1922 soveel opgang gemaak het. Die Italiaanse volk is hopeloos verdeel in 'n groot aantal politieke partye. Daar word reeds aanvaar dat die huidige ses-partyregering 'n mislukking van sy taak gemaak het en nie opgewasse is om die land van sy talle probleme wat die pas na die afgrond verhaas, te red nie.

Hierdie leier het geen nuwe belofte aan die Italiaanse volk gemaak nie en homself ook nie voorgedoen as 'n apostel van die lig nie. Hy het slegs die gevoel van die meerderheid van die volk vertolk.

TEEN PARTYPOLITIEK

Sy eerste aankondiging in sy destydse klein weeklikse koerantjie het gelui: „Hierdie koe-

Indiërs Kry Meer Regte

Indië is so stadig aan besig om die pad van die beskawing te betree. Die Indiese wetgewende vergadering het besluit om die beginsel van „onaanraakbaarheid” waardeur meer as 50,000,000 Indiërs vir die afgelope eeue alle menslike regte ontsê is, af te skaf. Hierdie Indiërs mag nooit in openbare plekke verskyn het, of naby 'n Brahman gekom het nie. Die beginsel is afgeskaf op aandrang van Ghandi. Die vraag is of die Indiese volk die beginsel wat deur die wetgewende vergadering aange- neem is, sal aanvaar.

Van die 130,000 Indiërs wat die Britte na Suid-Afrika gebring het, was 40,000 onaanraakbares!

rant is nie die mondstuk van enige politieke party wat net teer op politiek en niks anders weet as politiek en wat besig is om hulle self vet te voer nie.” Op die voorblad van sy eerste koerant het hy 'n spotprent geteken van die verskillende politieke partye, elk met hul slagkrete. Onder aan het hy in die taal van die gewone burger verklaar: „Weg met hulle almal.” Onmiddellik het sy beweging opgang gemaak. Dit het die gevoel van die volk vertolk en die eertydse dramaturg Giannini was self verbaas oor die geweldige opgang wat hy gemaak het.

'N MAG

Die kommuniste besef vandag dat Giannini en sy Volksbeweging 'n politieke mag geword het om mee rekening te hou. Hy het reeds aan die onlangse verkiesing deelgeneem. Die leier het verskeie werke gepubliseer waarin hy aangetoon het dat die toekoms van die Italiaanse volk in die hande van die klein burger en die massa is. Dit is eie aan die aard van die Italianer. Die Italianer wat vandag geneig voel om sy kop te laat sak, het weer nuwe besieling geput uit die vertroue wat hierdie leier hulle inge- boesem het, en is besig om hul rug op die kommuniste te draai.

STALIN-APOSTEL

Sy sterkste teenstander is die kommunis, Togliatti, 'n getroue dissipel van Stalin wat sy eerste lesse in Moskou ontvang het. Hy word beskou as een van die satelliete in die buiteland wat Stalin die meeste vertrou. Hy het reeds gedien as sekretaris van die Kommunistiese Internasionale in Moskou. In die begin het hierdie kommunis eers probeer om die nuwe Volksbeweging te ignoreer, maar hy het agtergekom dat dit hom nie sal help nie.

As die enigste anti-kommunistiese volksbeweging in Italië het dit die aandag van die hele na-oorlogse Europa op hom gevestig. Hulle het begin vra: Wie is hierdie man? Watter beleid staan hy voor?

TEENSTAND

Sy teenstanders het hom al feitlik enige beleid toegedig. Hierdie skinderveldtog het hoofsaaklik hul bron in die kommunistiese kringe. Hy sou dan 'n fascis wees, 'n liberalis van die Manchester-skool, 'n demokraat, en ook gerugte dat sy volgelinge binnekort die bekende swarthemde sal aantrek soos wat die volgelinge van die Duce gedra het, doen die ronde.

Tot dusver het die politieke beweging geen program opgestel nie. Sy houding het nog altyd negatief gebly ten opsigte van die bestaande politieke partye. Hy het egter al melding gemaak van die Amerikaanse konstitusie, die begin-

sels van Montesquieu, dat hy staan vir 'n verenigde Italiaanse volk, dat hy ten gunste is van die Katolieke Kerk en dat hy voorkeur gee aan 'n soort van „administratiewe staat.”

SOOS MUSSOLINI

Sy eertydse klein weekbladjie het vandag 'n sirkulasie van 700,000 en is een van die grootste in Italië. Hy stel hom veral ten doel om die simpatie van die gewone burger te verower. Hy is 'n vloeiende spreker en beweeg sy gehore tot langdurige toejuiging. 'n Spesiale politieke wag-afdeling beskerm hom en tree tydens sy vergaderings op sodat die kommuniste nie sy vergaderings opbreek nie. Sy volgelinge sien in hom 'n tweede Mussolini. Dit is vandag die algemene oortuiging in Italië dat Mussolini se beleid en strewe tog die regte was, maar dat hy nie tot die oorlog moes toetree het nie.

FASCISTE WELKOM

'n Baie groot deel van Giannini se volgelinge is eertydse Fasciste. Hy het hulle by voorbaat welkom geheet. Sy vurigste ondersteuners is soldate wat gedurende die oorlog in kampe en op die slagveld was. Hulle staan by baie werkgewers gebrandmerk as fasciste en is nie in staat om werk te kry nie. Krygsgevangenes wat terugkeer, kan nie verstaan waarom hulle nie die fascistiese volkslied mag sing en speel nie. Teruggekeerde soldate verklaar dat hulle verwag het om Italië in 'n puin hoop te vind, maar het nie verwag om ook die moraal en geesteslewe van die volk vernietig te vind nie. Hulle het 'n hekel aan die politieke partye en hou hulle vir die ewels verantwoordelik en sê daarom sonder meer hul steun toe aan Giannini wat hulle hoop die politieke partye uit die land sal smyt.

POUS GOEDGESIND

Daar is raadgevers in die geledere van hierdie volksbeweging wat meen dat 'n baie sterk beleid gevolg moet word. Alleen die toekomstige verwikkelinge sal die beleid bepaal.

Dit is 'n bekende feit dat hierdie front die ondersteuning en aandag van die Pous geniet wat veral belang stel in die verjaging van die kommuniste.

Die Volksfront het reeds geweldige veld gewen. In die begin was dit net die gewone burger op straat wat hieraan behoort het. Vandag tel sy lede, advokate, dokters, onderwysers, professore en lede van elke moontlike beroep. Die suide is die sterkste setel van Giannini. Hy het reeds 32 verteenwoordigers in die Konstitusionele Vergadering. Kommunistiese leiers moes toegee dat baie van die werkers wat voorheen hul ondersteuners was, hul steun aan die nuwe Italiaanse Volksbeweging gegee het.

Was Smuts-Antwoord 'n „Fout”?

Unie se Hekke Wel Oop Vir Joodse Landloses

Het genl. Smuts die regering se beleid vertolk of het hy net die anti-Joodse gevoelens probeer besweer met 'n „diplomatiese onjuistheid” toe hy hom 'n paar weke gelede teen Joodse immigrasie uitgespreek het?

Op 'n vraag van 'n Joodse L.V. wat Suid-Afrika se bydrae gaan wees ten opsigte van Joodse ontworteldes het genl. Smuts geantwoord dat Suid-Afrika sy volle kwota Jode het en nie bereid is om meer te neem nie. „Jy kan die land nie met Jode oorlaai nie. As ons 'n volk oorlaai met Jode, dan kry mens anti-semitisme,” het genl. Smuts gesê.

Aangesien die Jode tans sterk anti-Brits word weens die Palestynse geskil, mag dit wees dat genl. Smuts nou ook teen hulle begin draai, weens sy pro-Britse gevoelens. Maar dit kan ook wees dat genl. Smuts as politieke vos met hierdie antwoord die anti-Joodse gevoelens van veral die Engelse probeer gerusstel het.

Dat dit die geval skyn te wees, blyk uit 'n berig van Arthur Barlow se politieke korrespondent in Kaapstad wat verklaar dat hoewel genl. Smuts se antwoord soos 'n skok gekom het, hy nogtans verneem dat Suid-Afrika se hekke nie vir die Joodse ontworteldes gesluit sal wees nie.

„Ek verneem dat daar een of ander fout in verband hiermee (genl. Smuts se antwoord) is en dat die Unie in ooreenstemming met die ander dominioms en sekere dele van Amerika, sy volle aandeel sal neem met die rehabilitasie van hierdie ongelukkige mense en dat die hekke van Suid-Afrika nie in hul gesigte toegeslaan sal word nie,” aldus die korrespondent.

40 Pst. van Blanke Jeug Is Ondervoed

Byna veertig persent van die se blanke jeug tussen die ouderdom van ses en sestien jaar lei aan ondervoeding. Ut die totaal van 430,000, lewe 157,000 onder die broodlyn. Dit is 'n skande dat dit die toestand in Suid-Afrika moet wees, het mnr. R. Ellis Brown op die konferensie insake tering in Durban verlede week verklaar. Hy het gesê dat die publiek verontrus voel oor die traagheid van die regering om in ernstige gevalle en bestryding van tering op te tree. Hy het versoek dat

die aanwesige Minister van Gesondheid die kabinet op hulle pligte moet wys.

Afbakening Van Kiesafdelings

Die waarnemende Minister van Binnelandse Sake het aangekondig dat die Afbakeningskommissie teen 15 Junie met sy werksaamhede sal begin. Die kommissie sal aanstaande maand aangestel word.

DIE PERSBELEGGINGSKORPORASIE BEPERK.

(P E R S K O R)

Aan alle Belangstellendes en Vriende in

NATAL EN GRIEKWALAND-OOS

LET OP!!

LET OP!!

NOG NET 6.000 AANDELE

van 5/- elk is beskikbaar vir belangstellendes in Natal en

Griekwaland-Oos.

Inskrywings word

Onherroeplik Gestaak op 30 Junie 1947

Jongste ontwikkelinge maak hierdie aandeel

BESONDER WAARDEVOL

Tree dadelik in verbinding met:

L. STEIN,

P.a. E. B. CADLE, „Twyfelfontein,

P.K. MOOIRIVIER, NATAL.

Nou Tyd om Bondgenote Te Soek

Die voortbestaan van die blanke Afrikanervolk, met sy eie kenmerkende sedes en leefwyse, word vandag bedreig deur die opkomende kommunistiese wêreldmag, die mag van Josef Stalin in sy Kremlin, en gewone gesonde verstand vereis dat die volk moet saamstaan — indien vir geen ander rede nie, dan terwille van sy selfbehoud, het genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, verklaar op vergaderings in die Noordweste. Dit sal niks minder as verdraad teen die hoogste belange van die Afrikanervolk wees nie, indien een of ander party of organisasie hierdie gevaarlike situasie wil uitbuit vir selfsugtige eie gewin, het spr. voortgegaan.

Dit is nou die tyd om 'n mede-Afrikanerorganisasie te probeer uitroei of om pogings tot uitroei aan te wend nie.

Dit is nou die tyd om vyandskap teen alle mede-Afrikaners te staak en om met mekaar saam te werk in 'n hegte bondgenootskap. Dit is nou die tyd om 'n sterk regering aan die roer van sake te plaas wat nie met die volk sal baklei nie, maar wat op kragdadige wyse sal afreken met die vyande van die volk.

PLEK VIR ELKEEN

Die Ossewabrandwag pleit reeds vir die afgelope vyf jaar en langer vir die daarstelling van 'n sodanige sterk regering. Alle nasionaalvoelende organisasies moet ophou met hul twiste en mekaar as bondgenote aanvaar op die basis van gemeenskaplike volkskap. Dan kom outomaties 'n volksfront tot stand, wat die steun van elke Afrikaner, afgesien van organisatoriese verband of die taal wat hy praat, kan opeis omdat van so 'n Afrikaner nie gevra sal word om hierdie of daardie party of organisasie te sterf nie, maar enkel en alleen om 'n sterk regering verteenwoordigend van die hele volk aan die bewind te plaas.

HOOP

Die totstandkoming van 'n Volksfront het in die verlede misluk vanweë die onwilligheid van die H.N.P.-leiding om met ander organisasies as sodanig saam te werk. Hy het geëis dat lede van ander organisasies by hom moet aansluit, wat stilswyend die ontbinding van die ander organisasies beteken het. Die ooreenkoms wat tussen die H.N.P. en die A.P. bereik is, is 'n afwyking van hierdie beleid van die Partyleiding en dit gee hoop dat die party hom ook bereid sal verklaar om bondgenootskappe met ander organisasies aan te gaan — waarvan die O.B. ongetwyfeld die belangrikste is.

Die leier van die O.B., dr. Hans van Rensburg, het reeds die weg vir sodanige ooreenkoms voorberei deur die vergelyk tussen die H.N.P. en A.P. te verwelkom en hom bereid te verklaar om 'n bondgenootskap met die H.N.P. te sluit. Met die A.P. het die O.B. reeds 'n verstandhouding. Indien die H.N.P. homself bereid verklaar om met die O.B. 'n ooreenkoms te tref kan die volksfront finale beslag kry.

Dr. Van Rensburg het dit duidelik gestel dat hy sy hoop op 'n verstandhouding met die H.N.P. vestig op die bemiddeling van mnr. N. C. Havenga. Die O.B. bly hoop dat mnr. Havenga se pogings sal slaag

— maar intussen bly eenheid ook uit.

VASBERADE

Die O.B. is egter vasberade om alles in sy vermoë te doen om samewerking te verkry — indien nie Uniaal nie, dan minstens plaaslik. Met die oog hierop sal die O.B. masjinerie skep wat moontlik plaaslike samewerking kan bewerkstellig. Indien dit ook nie slaag nie, sal die O.B. sy stryd selfstandig voortsit met die hulp van diegene wat sat en moek is van Afrikanertwis en -stryd.

Genl. Laubscher het vergaderings toegesprek in Namaqualand, waar genl. De Graaf Genis bevel voer, in Gordonia, waar genl. dr. F. M. Joubert in bevel is en in Prieskaafdeling wat onder bevel van genl. J. Gouws staan. Oral is die vergaderings deur andersdenkendes bygewoon en is welwillendheid en belangstelling geopenbaar.

STROOM VAN EENHEID

Daar is 'n duidelik-waarsneembare stroom wat vloei in die rigting van samewerking en eenheid — 'n stroom wat wil uitmond in 'n sterk regering met die steun van die hele volk agter hom, het genl. Laubscher aan Die O.B. gesê. Dit is 'n stroom wat sy oorsprong het in elke organisasie wat opregte Afrikaners huisves. By ons in Kaapland vloei dit in die eerste instansie uit die O.B., maar dit word aangedik met sterk vloedwaters uit die H.N.P. en daar is aanduidings dat die lopies uit die Verenigde Party ook begin water aandra. As hierdie stroom nie deur kwaadwilligheid en wanvoorstellings afgekeer word nie, is dit onvermydelik dat hy die Empire-bewind in sy vaart gaan meesleur.

Dit ly geen twyfel dat Kaapland sat en moeg is vir partypolitieke uitsuiwering en afgesonderdheid nie. Kaapland is ryp vir samewerking, en die O.B. se pleidooi vir bondgenootskap in plaas van vyandskap vind aanklank in baie harte.

Generaals Besluit Oor Verkiesing Verlang Nasionale Front

Op 28 April het genl. W. R. Laubscher 'n goedbygewoonde generaalsraad op Carnarvon gehou.

Die verrigtinge is voorafgegaan deur 'n openbare vergadering. Hoofgenl. Reenen de Villiers was in die stoel. Genl. Laubscher het die bestaande politieke situasie uiteengesit waarna die offisiere dit breedvoerig met hom bespreek het. Ten aansien van die eerskomende verkiesing het die raad besluit:

(a) Om geen kandidaat wat vyandskap handhaaf met mede-Afrikaners te ondersteun nie.

(b) Om 'n Volksfront-komitee te benoem om met die H.N.P. en ander nasionaalgesinde Afrikaners te onderhandel ten einde 'n bondgenootskap te sluit met die oog op gesamentlike optrede by die eersvolgende algemene verkiesing.

(c) Die komitee sal bestaan uit die generaal en sy kommandante, met reg van kopie.

(d) Die staande bestuur is genl. De Villiers, en hoofkomde Martin Scholtz en Willie van Wyk.

(d) Die komitee moet aan die Raad rapporteer oor vordering, waarna die raad in oorleg met die Gebiedsleier, genl. dr. F. du T. van Zyl, sy houding ten opsigte van die verkiesing sal bepaal.

GROBLERSHOOP

Op Groblershoop het genl. Laubscher die generaalsraad van A17 ontmoet. Die Raad is goed bygewoon en sake van organisatoriese en beleidsaard is bespreek. Die raad het vergader onder voorsitterskap van genl. Gouws. Met die oog op die aanstaande verkiesing het die raad besluit: (a) Dat hy geen kandidaat wat op 'n eksklusiewe partygrondslag staan, kan sê nie; en dat hy by voorbaat sy steun toesê aan 'n nasionaalgesinde kandidaat wat op 'n volksgrondslag staan. (b) Dat die raad die gene-

raal versoek om in oorleg met die hoër offisiere, 'n Volksfront-komitee te benoem wat plaaslik aanknoping sal soek met nasionaalvoelende persone en groepe (meer bepaald die H.N.P.) met die oog op die skepping van 'n Volksfront en uiteindelijke gesamentlike optrede by 'n verkiesingsgeleentheid.

Die generaal moet later vordering aan die raad rapporteer.

Geslaagde Organisasiewerk Op Karos

KAROS.—Na 'n besoek van h/komdt. E. J. H. Smith, organisierder, in die kommando van Karos waar hy heelwat geslaagde organisasiewerk verrig het, begin die kommando nou weer heeltemal herlewe. H/komdt. Smith se Kringvergadering is bygewoon deur lede van alle partye, aan wie heelwat geleentheid toegestaan is om vroe te stel, en die beleid wat hy uiteengesit het, het so ingeslaan dat op die laaste vergadering 'n hele paar andersdenkendes na vore gekom en gevra het om weer opgeneem te word as lede van die Beweging. Een ouerige oom het aangedring dat daar en dan almal aangesê moet word om aan te sluit. Die mense is egter versoek om eers terug te gaan en dan by die offisiere in te skryf nadat hulle die saak oorpeins het. Verskeie persone het dan ook reeds die kommandant, mnr. W. F. Lübke, genader met die versoek om as lede ingeskryf te word.

As gevolg van die oplewing kon 'n nuwe kommandante en ander offisiere aangestel word.

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.

Lo- en Fremode Kostuums - - -


VAN ZYLS

Hoofstraat - - - Paarl

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begravingsverskeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke



Gryshare:
Antigry

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander operasies vermy word en alle siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EILERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Kennis van die

WERELDSAKE

Vereis Bestudering van STAATKUNDE.

Skaaf die volgende Boeke vir u aan.

DIE MODERNE STAAT

deur Prof. L. J. du Plessis — 2/6 posvry.

HEAR THE OTHER SIDE.

The Afrikaner and German Side — 2/9 posvry.

THE GREAT GLOBE ITSELF

By W. C. Bullitt — 11/9 posvry.

„The only totalitarian imperialism that threatens war to-day is the Soviet Union.”

THE DARK SIDE OF THE MOON — 16/6 posvry.

„Consists of a selection of personal narratives of Poles who have suffered during the Russian occupation.”

THE SOVIET IMPACT ON THE WESTERN WORLD

By Prof. E. H. Carr — 7/3 posvry.

REPORT ON THE RUSSIANS

By W. L. White — 13/6 posvry.

MY ANSWER, by Oswald Mosley.

REPORT FROM GERMANY,
By Leonard O. Mosley — 5/3 posvry.

SUID-AFRIKA

'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG

Deur Prof. dr. G. Cronje — 13/- posvry.

'n Blywende oplossing van S.A. se rassevraagstukke.

AFRIKA SONDER DIE ASIAAT

Deur Prof. dr. G. Cronje — 13/- posvry.

BEHIND THE PRESS IN SOUTH AFRICA

H. Lindsay Smith — 9/3 posvry.

THERE ARE NO SOUTH AFRICANS

By G. H. Calpin — 13/6 posvry.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29

STELLENBOSCH

„DIE O.B.,” WOENSDAG, 7 MEI 1947

O.B. Kry Erkenning

Die botsing tussen die Westerse beskawing en die Oosterse kommunisme is vinnig besig om tot sy konsekwensie te verloop. Teen die kommunisme gaan alle behoudende elemente in die stryd gewerp word op 'n voet van bondgenootskap, net soos in die afgelope oorlog alles in bondgenootskap was teen die „fascisme.” Elkeen sal hom nog goed herinner hoe kapitalistiese en demokratiese mondstukke in daardie oorlog opgetree het as apologete — indien nie pleitbesorgers nie — vir die bolsjewisme van Stalin. Dit is maar eenmaal menslik om 'n nuutgevonde of herstelde vriendskap taamlik hoog aan te slaan.

In die komende botsing is die Ossewabrandwag, sover dit Suid-Afrika betref, die mees konsekwente teenvoeter van die kommunisme. Hierdie Beweging het vervolging verduur omdat hy hom teen 'n oorlog verset het wat uitgeloop het op die daarstelling van 'n Oosterse „kolos” wie se hoofdoel die vernietiging van alle bestaande menslike en geestelike waardes is. Diegene wat indertyd die Ossewabrandwag as 'n vyand bejeën het weens sy teenkantiing in die oorlog, moet vandag openlik of stilswygend erken dat hulle verkeerd was en dat die Ossewabrandwag selfs meer as 'n bestaansreg gehad het. Die natuurlike neiging by hierdie mense sal wees om openlike of bedekte bewondering te hê vir 'n organisasie soos die Ossewabrandwag wat voet by stuk gehou het onder die kwaaieste vervolging en belastering, en in die tyd van nood wanneer almal vriende soek, sal hierdie mense weer met dieselfde ywer wil optree as voorsprake vir die standpunt van die Ossewabrandwag, net soos hulle tydens die afgelope oorlog vir die bolsjewisme in die bresse getree het. Dit is, soos ons reeds gesê het, nou eenmaal menslik.

SAL ERKEN WORD

Daar kan dus verwag word dat die son van erkenning van nou af sal begin deurbreek vir die Ossewabrandwag, en namate die klimaks van die stryd nader, sal die prestige van die Ossewabrandwag styg. Dat dit so is, word nou reeds bewys deur stemme in die Engelse pers, soos verlede week in ons blad aangehaal, wat met groot waardering na die Ossewabrandwag verwys as eerbare soldate wat die moed gehad het om „by hul kanonne te staan.”

Intuïtief begin die vroeëre vyand besef dat die tyd van vyandskap met die Ossewabrandwag nou verby is in die aangesig van 'n gemeenskaplike bedreiging. Ons kan dus 'n algemene opbloeiing van die Ossewabrandwag in die nabye toekoms verwag.

Hierdie gees van bevriending het reeds deurgewerk en is besig om nog verder deur te werk ook in Afrikaanse kringe wat in die afgelope jare eenkant gaan staan het van die Volksbeweging vanweë die vyandelike propaganda. Dit het reeds tot openbaring gekom binne die Afrikanerparty, waar O.B.-offisiere en lede vandag oral verwelkom word om in die partybestuur te dien, en ook uit die drang wat daar by lede van die H.N.P. bestaan om met die Beweging saam te werk — 'n drang wat reeds op sommige plekke tot uiting gekom het in plaaslike ooreenkomste ten spyte van 'n ongelukkige amptelike verbod van die kant van die partyhoofbestuur. Maar ook hierin is daar gunstige tekens van versagting van standpunt op te merk, sodat daar met vertroue gewag kan word op 'n uiteindeleike, algehele herstel van betrekkinge en vriendskap.

SOEK GEEN VERNIETIGING

Die Ossewabrandwag het nog altyd sedert sy bestaan 'n beleid gevolg van oortuiging van teenstanders liever as vernietiging van hulle. Sy standpunt is so aanneemlik en geskiedkundig logies dat dit in werklikheid in baie wyer kringe gedra word as die grense van die Beweging self. Daarom het die Ossewabrandwag hom nog steeds beywer vir samesnoering van kragte, ook van politieke partye as 'n oorgangstap na die nuwe bedeling, want ons het geglo dat die nuwe idee van volkseenheid en volks-sosialisme as vanself tot 'n nuwe oriëntering in ons politieke lewe sal lei, en wel tot bevrediging van alle groepe en partye. Daarom kon die Ossewabrandwag selfs vóór die skeuring met die H.N.P. sy volle organisatoriese steun aan daardie party by verkiesings verleen het sonder vrees dat hy daarmee sy beleid of rigting prysgee.

In die politieke stryd wat voor die deur staan, sal dit dus bloot natuurlik, en in ooreenstemming met sy vroeëre beleid, wees dat die Ossewabrandwag sy gewig sal inwerp by 'n kombinasie van nasionale groepe en partye wat hom vriendskaplik gesind is want dit is nodig dat die binnelandse bewind eers uit die hande geneem moet word van die huidige politieke bankroeters voordat Suid-Afrika sy aandeel kan neem in 'n botsing tussen wêreld.

Ons twyfel nie daaraan nie — want die tekens is al waarneembaar — dat in albei hierdie strydperke, die binnelandse en buitelandse, die Ossewabrandwag se frisse jeugdigheid en doelbewustheid die dryfkrag gaan wees wat tot die uiteindeleike oorwinning gaan lei, 'n oorwinning wat die bekroning sal wees van die afgelope jare van stryd en volharding. Daarom is dit die taak van elke O.B.-lid om nou sovas te staan soos ooit tevore.

„Rumoer van 'n Wolveiling” Skerp Kritiek op Parlement Deur Opposisieblad

Die dalende peil van die parlement wat Die O.B. van tyd tot tyd onder die aandag van sy lesers gebring het, het nou 'n stadium bereik waar ook Die Burger in 'n hoofartikel tot uitbarsting daarteen kom.

Die blad verklaar dat die afgelope oorlog minder beslissend op ideologiese gebied was as op die slagveld. Dit het ook nie die geloof in die parlementêre onfeilbaarheid versterk nie. Die oorlog het probleme nagelaat waarteen die parlements van die demokrasieë magteloos skyn te wees.

„Want ook in Suid-Afrika het die Parlement met buitengewone tye en moeilikhede te doen, en ook in Suid-Afrika staan die parlement se aansien by die bevolking as 'n geheel nie op die peil waar dit behoort te wees nie. Wat meer is — en daarvoor vra ons aandag — 'n deel van die verrigtings in die Volksraad

hierdie week en insonderheid die debatte van Dinsdag- en van Woensdagaand het beswaarlik iets tot handhawing van die Parlement se huidige aansien bygedra. Daar was by tye 'n vreemde gees in die Volksraad los, 'n gees wat nie by ons hoogste liggaam tuis hoort nie.”

„RUMOER”

Die blad vervolg dat 'n goeie kwinkslag geniet en gewaardeer kan word, want mens soek nie die waardigheid van 'n dodekamer in die raad nie. „Maar terselfdertyd verwag 'n mens om in ons hoogste raadsaal steeds die waardigheid aan te tref wat die parlement altyd eie moet wees. 'n Mens verwag daar nie die rumoer van 'n wolveiling en ook nie die toesprake wat, hoewel nie strydig met die reël van die Raad nie, tog beter op die Soutrivierse markplein in

verkiezingstyd sou pas nie. Die Volksraad behoort ook sonder gedurige vermaning van die stoel sy eie reëls in verband met orde in die Raad, veral die betreffende die hardop geselsery, te eerbiedig. En dit kan tog nie gesond wees nie wanneer 'n lid van die publiek gedurig moet hoor hoe die een wetgewer die ander van 'n sirkusspelery beskuldig en later self moet twyfel of die beskuldigings oordryf. Die Volksraad moet nie die lewe weerspieël nie, maar die beste in ons openbare lewe.”

Die parlement is erg gesteld op die handhawing van parlementêre gedrag, skryf die blad, „maar moet die volksraadslede nie ewe besorg wees oor woorde en dade wat die Parlement so aansien na buite by die publiek kan skaad nie?” Die blad vind dit jammer dat hy genoodsaak is om hierdie vraag te moet stel.

Parlement 'n Gevaar Vir Oplossing van Kleurvraagstuk

„As jy die parlement deur middel van 'n petitie kon smeek om dit onwettig te maak dat die kleurvraagstuk in die parlement bespreek word, as jy dit van die politieke verhoog kan verban, sou jy die oplossing makliker maak as wat dit is,” het mnr. J. W. Mushet, Minister van Openbare Werke, verlede week op 'n eefmaal verklaar.

Hy het daaraan toegevoeg dat die kleurvraagstuk verskriklik dringend is en dat dit die moeilikste vraagstuk is wat Suid-Afrika ooit die hoof moes bied. Etiese beginsels en nie politiek nie, sal die vraagstuk oplos, het hy betoog.

Sonder twyfel het die Minister hierdie woorde uitgespreek onder die diepe besef tot watter klug die bespreking van die kleurvraagstuk in die volksraad, waar die partye die saak vir hul eie voordeel uitbuit, aanleiding gee.

Dit is moeilik om dit duideliker te stel as wat mnr. Tom

Naudé, H.N.P.-sweep, dit onlangs in die volksraad gestel het: *Hy het die feit dat die kleurvraagstuk bloot as party-saak behandel word betreur, en beklemtoon dat die volk eners dink oor die oplossing van die vraagstuk maar dat in die volksraad altyd daaroor verskil word. Hy het die rede hiervoor gewys aan die stelsel waaronder ons gebuk gaan. Dit is jammer . . . dat die volksraad so saamgestel is dat feitlik alle sake hier as party sake behandel moet word. Ek blameer nie die een of ander nie. Dit is nou ongelukkig so,” het hy gesê.*

OPENBARE VERGADERING

sal gehou word in die

HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD

op DONDERDAG, 22 MEI, 1947, om 8 n.m.

Sprekers: Adjunk-K.G. J. A. SMITH en
DR. HANS VAN RENSBURG.

(By hierdie geleentheid sal die offisiere en brandwagte van die Westelike Provinsie afskeid neem van die A.K.G. met die oog op sy verhuising na George).

Alle Offisiere en Brandwagte word dringend
versoek om teenwoordig te wees.

Twee Ontdekkings

Met slaapmiddels en koue skokke probeer die huidige bewind die volk aanpas by die krisis waarin hy die land gestort het met sy dwase oorlogsbeleid en wat hy onmagtig en onwillig is om op te los. Sodra 'n vraagstuk tot uitbarsting wil kom, word die een of ander kommissie aangestel om die uitbarsting te vertraag, en kom die kommissie eindelijk tot volvoering van sy taak, word 'n tweede kommissie aangestel om of weer op die saak van vooraf aan in te gaan of verslag uit te bring oor die ander kommissie se aanbevelings. Dit is geen oordrywing nie. Ons hoef slegs te verwys na die mynwerkersgeskil waar die tweede kommissie van ondersoek nou besig is, en dr. Colin Steyn se kommissie van ondersoek na die verslag van die kommissie van ondersoek na misdade, nie baie lank gelede nie.

Maar die skokkendste voorbeeld is die regering se voedselbeleid. 'n Jaar gelede is teen groot koste begin met 'n rantsoeneringskema op aanbeveling van 'n Britse deskundige. Vir byna 'n jaar lank is 'n groot personeel aangehou en is geweldig koste aangegaan met die registrasie van mense en uitdeel van rantsoenboekies. 'n Maand gelede — om presies te wees, op 25 Maart — het die Minister van Finansies aangekondig dat die rantsoeneringsplan laat vaar is en dat die koepoonboekies maar op die ashoop gegooi kan word. As rede vir hierdie verbysterende stap het die Minister aangevoer dat die voedselposisie nou so gunstig geword het dat dit nie meer nodig is om te rantsoeneer nie.

'n Maand later, op 2 Mei, kondig die Minister van Landbou aan dat die voedselposisie so ernstig is dat ons vir die volgende maande weer groot tekorte tegemoet gaan sover dit van die belangrikste lewensmiddele geld, soos brood, vleis en botter.

In die loop van dertig dae dus het die regering twee teenstrydige ontdekkings gedoen: hy het bevind dat kos so volop is dat hy rantsoenering kan afskaf nt 10 maande se dure voorbereiding en ook bevind dat daar so 'n tekort aan sekere kossoorte gaan wees dat „ons 'n baie strenge rantsoenering sal moet toepas.”

Met hierdie wanhoopsgespartel van 'n drenkeling meen die volk dat hy gelei word na die Kanaän wat die oorlog dan moes gebring het.

Regering Selfs Uit Brittanje Aangepor Om Saak te Stel

Die publisiteitsdiens van die Unie in die buiteland is so gebrekkig dat dosente aan die Universiteit van Londen hulle gelykmoedig voel om hierdie feit onder die aandag van die volk van Suid-Afrika te bring deur 'n skrywe aan die pers waarin verklaar word dat hulle in Engeland haas geen inligting oor die standpunt van die Unie ten opsigte van die Indiërs kan bekom nie behalwe inligting wat die Indiërs self versprei en waarin Suid-Afrika in die verkeerde lig voorgestel word.

In sy skrywe verklaar mnr. G. V. Doxey dat selfs sy kollegas van die departement van internasionale verhoudings aan die universiteit nie op die hoogte is met die werklike toedrag van sake nie. Hy betreur die feit dat daar nie genoegsame inligting verstrekk word nie, en skryf:

VYANDIG

„Buitekant die Unie is dit uiters moeilik om enige inligting oor die Indiër-probleem in die hande te kry, behalwe dit wat deur die propagandamasjien van die Unie se vyande versprei word. Gedurende die laaste paar maande het ek besprekings en vergaderings in baie dele van die land bygewoon en was verbaas om te sien hoe oningelig selfs die bes ingeligte persone is oor die Unie se standpunt ten opsigte van die Indiër-vraagstuk. Baie van hierdie mense het ongelooflike opvattinge van die Unie se Indiër- en natuurlike beleid.”

Hy verklaar voorts dat Britse nuusblaaie nie in staat is om publisiteit aan hierdie saak te gee nie as gevolg van die papierskaarste. „Die toer van die koning het die saak nie verbeter nie.”

NOODSAAKLIK

Die Indiërs wat van hierdie feit bewus is, so skryf mnr. Doxey, maak daar deeglik gebruik van met die gevolg dat die publiek die saak net van die kant van die Indiërs sien. Duisende word op hierdie manier mislei. Die petisie van die Britse studente aan die koning, is getuigenis hiervan.

Hy dring ten slotte daarop aan dat die Unie se publisiteits-

Hoenders Word Verdring

Navorsingslaboratoriums van die Departement van Landbou in Kaapstad het daarin geslaag om kunsmatige wit van 'n eier te produseer wat hulle uit sekere soorte vis vervaardig. Dit staan bekend as Viking Albumen.

Hierdie wit van 'n eier kom voor as 'n wit poeier en kan vir enige doel waarvoor gewone eier gebruik word, aangewend word. Die produk ruik glad nie na vis nie.

Stokvis en ander soorte vis wat nie ryk aan vette is nie, word vir hierdie doel gebruik. Dit is moontlik dat dit vir algemene gebruik vervaardig sal word en dat die prys daarvan laer sal wees as die van eiers selfs wanneer dit volop in die seisoen is.

Hierdie sukses van die navorsingsdiens van die Departement van Landbou is hoofsaaklik gebaseer op die resultate van Duitse wetenskaplikes wat eerste daarin geslaag het om eier in so 'n vorm te produseer. Reeds in die eerste jare van die oorlog het Duitsland op groot skaal van hierdie kunsmatige eier geproduseer.

diens in die buiteland moet verbeter en uitbrei, want daarsonder sal Suid-Afrika nooit sy standpunt tot reg kan laat kom nie.

Die hopeloosheid van die Unie se publisiteitsdiens is reeds tevore deur die O.B. aan die kaak gestel, en waar internasionale liggame soos die V.V.O. nou begin inmeng in Suid-Afrikaanse aangeleenthede, is 'n deeglike propagandadiens vir die Unie-standpunt dubbel noodsaaklik.

Word Nie Verewig

Die Historiese Monument-kommissie het sy vorige besluit waarin bepaal is dat die naam van Winston Churchill op 'n gedenkplaat aangebring moet word waar hy in Natal tydens die Engelse oorlog gevange geneem is, herroep.

Duitse Swaers Vir Britse Prinses?

Daar is sterk sprake dat die Britse kroonprinses, Elizabeth, binnekort aan Prins Philip van Griekeland verloof gaan raak. Laasgenoemde prins is 'n kleinneef van die huidige Britse koning, en hoewel hy 'n „Griekse prins” is, is hy nie by magte om Grieks te praat nie. Inderdaad is hy van Duitse afkoms, net soos die koning self. Sy regte van is Von Battenberg en toe hy onlangs Britse burgerskap aanvaar het, het hy die naam Mountbatten aangeneem in navolging van „Lord Mountbatten”, die huidige oorkoning van Indië en eertydse bevelvoerder van die Britse troepe in Indië tydens die oorlog, wat ook 'n Duitser is. Mountbatten is 'n seun van die Duitse prins Louis von Battenberg.

Indien die huwelik tussen prins Philip en prinses Elizabeth deurgaen, sal die toekomstige Britse koningin drie Duitse swaers hê met wie sy die afgelope oorlog soms sal kan bespreek. Hulle is Godefrid von Hohenlohe-Langenburg, Berthold Frederich en Christopher von Hesse. Laasgenoemde was op die staf van Himmler en was ook aan die Duitse lugmag verbonde.

Regering Gewys Op Mielieverliese £100,000 Skade Jaarliks

Hoewel die regering al die jare bewus was dat daar jaarliks 'n aansienlike deel van die mielies-oes verlore gaan nadat dit in die skure en bergplekke van die ko-operasies te lande gekom het, het dit nog maar altyd net by hierdie kennis gebly en is daar nog nooit daadwerklik opgetree of aandag bestee aan om hierdie vermorsing van nasionale volksinkome en voedsel te verhoed nie.

Hierdie verklaring dra nog meer krag as daar gelet word op die feit dat 'n ondersoek wat so pas voltooi is, en wat blykbaar op die inisiatief van amptenare geskied het, toon dat jaarliks meer as £100,000 van ons nasionale volksinkome verlore gaan nadat die mielie-oes reeds onder dak gebring is. Hierdie berekening het geen betrekking op die deel van die oes wat verlore gaan met die oes, dars en vervoer daarvan nie. Dit laat die syfer nog etlike kerwe in die hoogte skiet.

ONDERSOEK

Die verlies in die opbergingsplekke kom hoofsaaklik voor in gewig en kwaliteit. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse landboubedryf is daar nou 'n deeglike ondersoek ingestel na die moontlike metodes en voorsorgmaatreëls wat getref kan word om hierdie verlies te verhoed. Na gesaghebbend verneem word, is hierdie ingrypende aanbevelings wat op 'n suiwer wetenskaplike grondslag berus, reeds in die hande van die Minister van Landbou.

Verskillende komitees wat onder die Departement van Landbou ressorteer is onlangs aangestel om verskillende aspekte van die insameling van die oes dop te hou en aanbevelings in hierdie verband te doen.

BESORGDEHEID

Daar heers besorgdheid oor die insameling van die aan-

staande mielie-oes. Die Departement het reeds 'n verklaring in hierdie verband uitgereik, waarin aangekondig is dat daar net 4 miljoen sakke beskikbaar is om die geskatte oes van 23 miljoen sakke in te samel.

In amptelike kringe is die mening onomwonde teenoor Die O.B. uitgespreek dat hoewel alles in werking gestel word om die insameling van die oes moontlik te maak, daar gevrees word dat 'n groot deel van die oes op die lande verlore sal gaan omdat daar geen houters is om dit in af te oes nie.

Gevoel word dat die regering hierdie gevaar reeds vroër moes besef, en voorsiening gemaak het vir die oes. Die afgelope koring-oes het 'n baie groot gat geroet in die Unie se sakvoorrade.

Rusland Dra Die Skuld

Die mislukking van die Moskouse konferensie is te wyte aan die volharding van Rusland met 'n voorstel wat die ekonomiese ondergang van Duitsland sou beteken het, het Marshall, Amerikaanse minister van buitelandse sake, na sy terugkeer in Washington verklaar.

Geen ooreenkoms kon bereik word nie en die vraagstuk van Duitsland word van dag na dag erger.

In die stad ROND met Ronde Kommando

By die Bioskoop

'n koel sagte sigaret — Ronde Kommando maak al hoe meer vriende „oral in die land rond.”



BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons. GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence

EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Knaapstad
Foon 22408

U Koop Altoos Die Jongste Modelle
• HOEDE
• TABBERDS
• JASTE, ENS.

by —

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alomtebekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drinkies wat nie alleen prysse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYSLYS

WYNE:

On Port	2/9	—
Invalide Port	3/3	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6
Wit en Rooi Jeripiko	2/-	10/-
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/6
Soet Port	1/11	9/6
Port, Pontak	—	—
Worcester Hoek	1/10	9/-
Spesiale Sjerrie (Soeterig)	1/10	9/-
Goudkleurige Sjerrie	1/9	8/6
Ou Bruin Sjerrie	2/6	—
„Cocktail”	4/3	—
Vermouth (Droog of Soet)	3/-	—
Swartberg Sjerrie	2/9	—

DROE WYNE:

Boergonje (Rooi)	2/-	—
Riesling (Droë Wit)	1/9	—

VONKELWYNE:

Grand Spumante (Soeterig)	10/3	—
Grande Splendore (Droog)	7/9	—
Vonkel Boergonje	8/9	—

BRANDEWYN:

Aurora V.S.Q. (Die allerbeste)	10/-	—
Eureka	8/6	—
A.I.	8/-	—
Royal	8/6	—
Boegoe	7/6	—

LIKEUR:

Peperment, Perske, Appelskoos, Pieseng	7/-	—
Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—

JENEWER (GIN):

Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6	—
--------------------------	-----	---

VERKOOPSVORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatlje, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatlje of 5/- per kisse met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die les goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS, K.P.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwenssing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pct. afslag.

Handelsadvertisies:

Enkel plasing (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinee, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuus (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

AGENTSAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAP-
PY BEPERK, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwaamste dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbaande ens. Doen aansoek op POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/TK

VRYSTAATSE GOUDVELD
EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENT-
SKAP, Henneman (Elenas Alberts en Greeff), Foon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/TK

AANBOD!

Ek het alle rou-materiaal van beste gehalte in Suid-Afrika vir sement. Is bereid om te help sementfabriek op te rig. Ons begin klein en brei uit. Wie stel belang? — DR. NORTJE, VREDENDAL. 7/5/2

BETREKKING GEVRA

KARAKTERVOLLE JONG MAN met familie bied sy dienste aan as sekretaris/assistent - bestuurder. Het kennis van klerikale werk (rekords, boekhou, ens.) instandhouding en herstel van enjins en masjinerie (swaarvoertuig-lisensie), landmeterswerk t.o.v. erosie, 1ste klas sertifikaat Grootfonteinse Landboukollege (skild vir onderwerp „wol”). Verklaar hom gewillig om te leer. Navrae: No. 20, Die O.B., Posbus 28, STELLENBOSCH. 7/5/2B

BENODIG

GROENTEBOER, met ondervinding, vir plaas van 16 morges. Vaste water en dam. Klein woonhuis en twee myl van stasie. Grond nog onbewerk. Baie goeie kans vir man wat wil werk. Klimaat en grond uitstekend. Aanbeveling wenslik. Skryf aan Dr. NORTJE, VREDENDAL. 30/4/2

ONMIDDELLIK BENODIG vir moderne ingerigte en grootste garage in distrik: 1. PANEELKLOPPER EN SPUITWERK. Persoon wat albei kan doen sal voorkeur kry. 2. WERKTUIGKUNDIGE. Persoon wat deeglike kennis van elektriese stelsels van karre, soek die hantering van moderne toets-toestelle van karre het, sal voorkeur kry. Slegs persone wat deeglike kwalifikasie het, hoef aansoek te doen. — AFRIKAANSE MOTORDIENS, Bus 66, BRITS, TVL. 7/5/4

BOME, PLANTE EN SAAD

AAKTAPPELS. — Goeie gesonde, Tafelaartappels, teen 3/6 per sakke van 40 lbs. Ook saadaartappels, derde-jaar Vaalhart, eier- en okkerneut-groottes meng, teen 6/6d. per sakke van 40 lb. Pryse is V.O.S. Bethal, en sluit die sakke in. — J. SPIES, Posbus 100, Bethal, TVL. 16/4/TK

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Sulderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarsaad 17/6. Uite: Australiese Bruin 5/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van REMIERS, Schoemanshoek, Oudshoorn. 11/12/TK

BENODIG. — 50.000 Vye en Tafeldruifsteggies in soorte eg volgens naam deur Herholdt se Boomkwekerie. Looende pryse vir Julie-afliewering. Skryf dadelik hoeveel van elke soort u kan voorsien, bedule pad, persoonlike besoek sal gereel word. — HERHOLDT, Pos Restante. KAAPSTAD. 7/5/1

HERHOLDT se geakklimatiseerde Vrughtebome en Rose groel, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planting. Pryslys gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

Saai nou vir 'n kleurvolle vertoning: Gousblom, Candytuft, Clarkia, Mignonne, 10 Weke Villette, Leeuebekkies, Ridderspoor, Wallflower, 6d. per pakke. Reuse Tetra Gekartelde Leeuebekkies: 2/-. Papawars: Ysland, 6d., Cartref Pragmengel, 1/-; Sandford Reuse, 1/6. Geslagtes: Butterfly Hibride, 50 saadjies 5/-; Jumbo Mastadon Reuse en Super Swiss, 2/6. Delphiniums: Belladonna 6d. Blackmore en Langdon 2/6; Pacific Giants 2/6; Burpees Mammoth 1/-. Groentesaad van Super Gehalte, 6d. per pakke. Kontant met bestelling. — HERHOLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, JOHANNESBURG. 30/4/3

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIEENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victorlaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillipsgebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TE KOOP AANGEBIED
TAFELAARTAPPELS

Pragtig, gesond en vers graad 1 teen 16/- per 150 lb. Graad II teen 12/- per 150 lb. V.O.S. Bethlehem. In nuwe sakke wat teruggestuur moet word. Tevredeheid gewaarborg. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 7/5/TK

AARBEIE. — „Laxton's Noble” en „Everbearing,” gemeng teen 5/- per 100, £2 per 1.000. Posgeld en verpakking ekstra. — MALUTI KWEKERIE, Ficksburg. 16/4/4B

BRANDHOUT. — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outenikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksabrug, George. 19/3/TK

HONDJIES. — Vier uitstaande 2 maande oud hondjies. Twee reuntjies teen £3 elk en twee tefies teen £2 elk. Sterk gebou en baie kwaai. Moeder Boelmond/Dobermann, vader Engelse Boel. Ek waarborg hul as dadelike vegters. Een pragtige Dobermann/Boerboelteef, 18 maande oud, ligrooi kleur met wit neus. Prys £2. 'n Baie mooi en getroue hond om te besit. Almal gelewer op spoor Memel. — J. C. LUBBE, Bus 38, MEMEL. 30/4/2

JKUSKEIE. — Kopskeie 4/6, bottelskeie 3/9, agtkantige skeie 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 30/4/4

REWOLWER. — .45 Webley en Scott, 6 dm.-loop. Totale lengte 11 duim. Baie akkuraat tot op 75 tree. Laai 6 skote. Dubbele aksle. Prys tesame met 30 patrone £16-10-0. Doen aansoek by: C. J. K. ROOS, Bokpoort, CLARENS. 7/5/2B

SOUT. — Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakke terug so goue as moontlik. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/TKS

SOUT. — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1 £2-19-0; No. 1 £2-14-0; No. 2 vreesot £2-9-0. Alles per ton, vry gelaai soutwerke. As dit moontlik is stuur leë sakke saam. 1/- afslag op elke leë sak. K.M.B. — Mev. F. DE BEER, P.K. Florisbad, Oor Bloemfontein. 30/4/5B

SOUT. — Vermindering in pryse weens tekort aan sakke. A1 4/6; No. 1 4/-; No. 2 3/6. Stuur u leë sakke, spoorvrag betaal. Tevredeheid gewaarborg. Ondersteun u mede O.B.-lede. — Mev. S. J. SLABBERT, P.K. FLORISBAD. 30/4/5B

SOUT. — A1 5/11, No. 1 5/5; No. 2 4/-; per 200 lb.-sak. 100 lb. Fyn bottersot 5/-. Vrygelaai soutwerke. Bestel: Kommandante Mev. MARTIE VENTER, P/sak No. 4, Arbeidsloos, BLOEMFONTEIN. 7/5/TK

STEENMAAKMASJINE. — „Die Klein Wonder” vervaardig tot 4.000 sementstene, 3 dm. x 4½ dm x 9 dm. per dag. Prys £20. Doen aansoek by u naaste handelaar of skryf direk aan: J. H. BUHR, Bus 18, HOPEFIELD. Handelsnavrae word verwelkom. Ook ander steenmasjine in voorraad. 30/4/5

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 50/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

ONTHOU

8 AUGUSTUS

is

FONDS DAG

Het Julle
Reeds Daarvoor
Begin Werk?

Wat van
KONSERTE, BASAARS,
TIEKIE-AANDE, ENS.

VERJAARDAGKETING

9 — 21 MEI

9 MEI: Rina Baard, Wellington; Jacoba Smit, Matrooster.
10 MEI: Matilda Barnard, Paarl.
11 MEI: Neelsie van Wyk, Matrooster; Abraham Cohn, Luckhoff.
12 MEI: Yvonne Taljaard, Johannesburg; Maria le Roux, Stellenbosch.
13 MEI: Petrus Pieters, Frankfort; Helena Lombaard, Luckhoff.
14 MEI: Levina du Preez, Moolnoot.
15 MEI: Anna Herholdt, Koffiefontein; Hendrika Smit, Stellenbosch; Christjan Dampers, Hugenoot.
16 MEI: Elizabeth Eloff, Boshoeck; Martha Landman, Humansdorp; Theodore Bohlman, Paarl.
17 MEI: Leonie Lutter, Paarl.

VYF I.B. GESUKERDE VRUGTE gelewer aan vriende in Duitsland, Holland, België, Frankryk en Oostenryk vir 15/-. Terme is kontant met bestelling. — BRINK BROERS BEPERK, MONTAGU. 16/4/5

VYF-VOET-DROM RANSOME'S MELIEDORS in goeie orde, met kalfblaser en swaambak teen £300. Kosteloos gelaai op my stasie. Doen aansoek by H. J. EKSTEEN, Swartwater, P.K. Overvaal, Ermelo. 23/4/3B

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorstening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versum aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoer u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Speedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorstening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

BADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkooop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Gereglistreerde Elektrisietaalnameers. Foon 9-8435.

Die O.B. is die Adver-
tensieblad van die toe-
koms. Gebruik sy ge-
klassifiseerde kolomme.

SKILFERS



MOENIE
U AANTREKLIKHEID
BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie
lastige skilfers deur
middel van

VOORSLAG-
SKILFERMIDDEL

4/- Posvry van

VOORTREKKER-APTEEK
Kerklaan — Kaapstad (1)

MAITLANDSTRAAT,
BLOEMFONTEIN

Is Medisyne
Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap
sê nee!

BEKAMP SIEKTE MET
DIE JONGSTE WETEN-
SKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-
gemaak word van sy gif of onsuiver-
hede, die siekte verdwyn. Deur die
toepassing van ons wetenskaplike me-
todes het dit nou 'n maklike taak
geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aan-
houdend u kwaal is nie — selfs al is
dit as chronies of ongeneeslik bestem-
pel. Daar is hoop vir u. Geen medi-
syne of oefeninge benodig nie. U sal
onder geen verpligting staan nie. Skryf
aan ons en verstreke volledige beson-
derhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC
HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

INTEKENING OP „DIE O.B.”

Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B.”
van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil
word, nie weet waar om in te teken nie.

Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige inteken-
vorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die
intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan:
Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.

INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,

VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.

POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B.” tot ek u kennis
gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir
die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM

(Blokletters)

POSADRES

Datum

Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.” VAN WOENSDAG, 7 MEI 1947.

Ons Sal Offer Wat Jy Vra...

Die Koningsgejuig het eindelijk bedaar. Die opgeswepte geesdrif van die massas het verflou. Oral waar kort te vore 'n lawaaierige menigte vergader het om aan vreemde „majesteite” eer te betoon, is nou weer stilte. Saam met die „Vanguard” het ook alle geesdrif vertrek — en ons hier in Suid-Afrika het uit al die eerbetoen, as Volk niks ryker gevord nie.

Laat ons, as die Jeug van die Afrikanervolk dan, terwyl aan ons bewys is dat ons uit die vertoon en woorde van die vreemdeling geen inspirasie ooit sal kan put nie, ons na ons eie wend. Laat ons inspirasie skep uit die DADE van ons eie kamerade.

Net soos daar talle en talle van ons Volksjeug is wat weereens hulle Afrikanerskap gedurende hierdie tydperk van Koninghisterie nie wou verkoop nie, so ook was daar honderde van ons kamerade wat gedurende die afgelope oorlog ook gewillig was om, terwille van hulle ideale alles op te offer.

Kom ons luister wat hulle gesels.

LEO VERTEL


„Jy lag nog. Ek skiet jou dat jou harsings waai!” So skree die bleekgeskrikte, dog verwoede bewaarder wat die twee pistole op ses kereels rig, aan Leo, toe hy goedig glimlag om Julian op te beur. Hulle goedgeplande poging om uit die Johannesburgse tronk—of, soos dit beter bekend is, die Fort—te ontsnap, het sopas misluk deurdat iets onvoorsiens gebeur het.

Daar staan hulle nou met hande in die lug, magteloos teen die menigte bewaarders wat aangestorm het om te kom help vloek en skel op die ses man wat dit durf waag het om uit die tronk te breek. Hulle word beveel om al hulle klere uit trek en dan word dit noukeurig deursoek om seker te maak dat hulle niks onwetings in hul besit het nie. Daarna word hulle in swaar kettings aan hulle bene geboei en afsonderlik in klein selletjies met klipvloere en baie klein vensertjies toegesluit.

Hierdie ses man word aangehou kragtens die Regering se Noodregulasies omdat hulle in opstand gekom het teen die Owerheid se onheilige bondgenootskap met die kommuniste van Moskou en die onbillike manier waarop ordentlike Afrikaners geïnterneer is sonder dat hulle eers kans kry om hulle onskuld voor 'n hof te bewys.

In die censaamheid van hulle selle lê elkeen nou net met sy eie gedagtes besig, want hulle

mag nie eers 'n boek of 'n tydskrif by hulle hê nie. „Hulle sal nie die son in die volgende maand of twee sien skyn



nie”, het een van die bewaarders gesê. „Ek sal hulle vir die res van hulle lewe in daardie selle opsluit as dit in my mag is.”

„Wat gaan die gevolge wees?” dink Leo. Sy ou weduwee-moeder het net 'n paar dae van te vore van die plateland in die groot onbekende stad aangekom om hom in die gevangenis te besoek. Sy is heeltemal vreemd en ken niemand nie. Sy is maar net van die goedgesinde hulp van mede-Afrikaners afhankelijk en verder sal die Noodhulpfonds haar tegemoetkom sover hulle kan.

Sy kon hom tot dusver ook maar net twee keer per week vir 15 minute agter ogiesdraad in teenwoordigheid van bewaarders besoek, maar hy is nou seker dat hulle haar nie meer sal toelaat om hom te sien nie — dit is mos nog 'n manier om hulle wraak te koel. Hulle sal haar hart verder verbysel deur hulle wrede optrede. Sy hart krimp by hierdie gedagte dat sy ou Moeder 'n verdere foltering moet ondergaan — sy, wat die ellende van die Engelse-oorlog ten volle gedeel het, moet nou op haar oudag weer deur hierdie vreeslike beproewing gaan.

(Word vervolg.)

Offisiere!! Opleidingslaers

Boerejeugoffisiere word hiermee kennis gegee dat daar gedurende die Oktober-skoolvakansie twee belangrike offisiersopleidingslaers vir die Boerejeug gehou sal word, en wel in Vrystaat en Transvaal.

Elke offisier (vanaf Asst.-Veldkornet) word versoek om nou reeds reëlings te begin tref om een van hierdie laers by te woon.


Vir Gebied A word daar gedurende dieselfde vakansie 'n laertrek vir seuns en dogters op Franschhoek gehou. Besonderhede oor hierdie laers volg later.

Boerejeugdrag


HOOFKOMMANDANT.

Drag: Dieselfde as vir die Jeugkommandant, behalwe dat die Jeughoofkommandant 'n

RANGTEKENS



Rangband



Skouer

kakiegroen langbroek met langbaadjie („tunic”) OF 'n langbaadjie met rybroek en ryskoene mag dra.

Rangtekens (Mans en Dames):

(a) Met baadjie: (1) Twee akkerblare met een arend op elke skouerlissie.

(2) Skild van rangband op linker bo-arm van baadjie.

(b) Sonder baadjie: (1) Twee akkerblare met een arend op elke skouerlissie.

(2) Rangband om linker bo-arm van hemp/bloese.

ASSISTENT-HOOFKOMMANDANTE:

Die drag van die Asst.-Hfkomdte. en Hoofkommandante is presies dieselfde as dié van die Kommandante. Die rangtekens van die Asst.-Hfkomdte. word op dieselfde manier gedra as hierbo uiteengesit maar verskil in die volgende punte:

(1) In plaas van 'n akkerblaar aan elke kant van die skild op die rangband, verskyn daar 'n breë en 'n smal streep.

(2) Een akkerblaar met een arend op elke skouerlissie.

Kiekies — Amajuba Vryheidsdagviering

Die volgende kiekies wat tydens die onlangse Vryheidsdagviering op Amajuba geneem is, is teen 4d. elk by Boerejeug-hoofkwartier, Meyergebou 9, Potchefstroom, verkrygbaar.

A. Amajuba, met houtstapel sigbaar (dag).

B. Amajuba, met Vryheidsvuur sigbaar (aand).


C. Houtstapel op kruin, met wagt rondom.

D. Houtstapel, met K.G. en ander offisiere daarvoor.

E. O.B.-vlag by monument bo-op bergkruin.

Bestellings kontant.

BLOKKIESRAAISEL No. 2



DWARS:

1. Offisiërsrang, net laer as Kommandant.
8. Ons doen dit met ons oë.
9. Dit word in die oorlog gebruik.
10. Ons maak ons wapens daarmee blink.
11. Die boonste syfers van breuke.
14. Kop.
15. Daarsonder kan ons nie lewe nie.
16. „Hy is 'n vyfde....aan die wa”.
17. Ons doen dit as ons moeg is, veral snags.
18. Iemand wat glo in 'n onvermydelike toekoms.
19. Klok.
21. Die Boerejeug stel dikwels vir die K.G. 'n op.
24. Skerp blik wat alles rondom raaksien.
25. Ongelukkig moes ek onverrigter terugkeer.
26. Kerk waaruit ander kerke ontstaan het.

AF:

2. „Uit die chaos van die ..”
 3. Ligvoets huppel en baljaar.
 4. My oom se seun is my ..
 5. Iets waaraan mens kan raak.
 6. In die Boerejeug word streng gehandhaaf.
 7. Nie moontlik nie.
 11. Baie van ons ry daarmee skool-toe.
 12. Gedurende vakansies of naweke woon ons by.
 13. Stop! Halt! (Ons skree dit vir diere).
 14. 'n Outydse wapen.
 17. Deur ons Boerejeugwerk streef ons na 'n gesonde gees en 'n gesonde
 20. Bak waarin mens jou hande en gesig was.
 22. Die man het al baie swaar gehad in die lewe, ons sê: „Hy moes al harde kou”.
 23. „'n Halwe is beter as 'n leë dop”.
- (Oplossing volgende keer)

Wenke Aan Veldkornette(s)

Verlede keer het ons probeer om offisiere wat nou met die jeugwerk 'n begin maak, met die voorbereidingswerk en inskrywing van lede te help. Nou kom ons by die indeling en die byeenkomst.

Volledige besonderhede oor die indeling van 'n veldkornetskap sal u in „Die Boerejeug, sy Doel, Organisasie en Administrasie” kry, maar onthou dat u dit by plaaslike omstandighede moet aanpas. So kan u bv. die grootte van korporaalskappe laat wissel van 3 tot 8, na gelang van die bereikbaarheid en ouderdomme van die kinders. Tensy die getalle of omstandighede dit ver eis, kan u gerieflik sersante uitlaat en oor 3 of 4 korporaals 'n Asst. Veldkt(e) aanstel wat direk onder u staan — so beskou u makliker persoonlike kontak met die offisiere en jeug en u voorkom 'n lomp „masjinerie.”

Dan stel u ook nog iemand aan as Boerejeugkorrespon-

dent. Hy/sy kan offisier of brandwag wees, en sal verantwoordelik wees vir die instuur van gereelde beriggies, deur u nagesien, van die veldkornetskap na „Die Boerejeug”, ons amptelike orgaan. As daar genoeg talent is, bereom u op dieselfde manier 'n orkesleier (ster).


En nou moet ons begin dink aan 'n bymekaarkomplek. As u 'n vaste veldkornetskapkamer kan kry is dit natuurlik die ideale oplossing. So-nie kan u bv. beurtelings by verskillende ouerhuise byeenkom. Sorg dat daar minstens 'n week voor elke byeenkoms 'n skriftelike bevel daaromtrent deurgestuurd word. Indien moontlik, probeer elke week saamkom, 'n Vrydagmiddag of Saterdagoggend is dikwels die geskikste tyd.

Wat gaan u nou met die jongspan doen op hierdie tye? Volgende keer gesels ons hieroor.

ONS WEDSTRYD

Aangesien ons nog so baie briefies ontvang van Boere-seuns en -dogters wat deelneem aan die wedstryd, is die sluitingsdatum uitgestel na 14 Mei sodat dié wat nog nie deelgeneem het nie, nog kans het daarvoor. (Sien die uitgawe van 9 April vir volle besonderhede).

7,000 TON DWAASHEID



Omdat die Geallieerdes vrees dat Duitsland weer eendag as 'n militêre mag sal herrys, word alle Duitse verdedigingswerke met die grond gelyk gemaak, in die aangesig van 'n oorlog met Rusland waarin hierdie vestings nodig mag word. Die jongste van hierdie aanslae is gedoen op die eilandvesting Helgoland in die Noordsee waar die veroweraars die eiland met 7,000 ton ontplofingstowwe in die lug probeer skiet het. Die foto is geneem terwyl die eiland in rook en damp opgaan. Na die ontplofing het baie geboue egter nog gestaan.

Veeg Kommuniste Eers Uit Uniegebou

wers Duitsland aan die kommunistiese golf uitlewer, as Suid-Afrika van die kommunistiese golf te red!

„GEEN DISKRIMINASIE”

Verder sê die berig dat die Minister opnuut belooft het dat daar geen diskriminasie teen die Kommunistiese Party sal wees nie — wat volgens generaal Smuts 'n „duiwelse evangelie” versprei. Geen diskriminasie teen hierdie diuwels nie want ons veg glo vir die Christendom, het die Minister van Justisie geredeneer, en die Minister het belooft om persoonlik ondersoek in te stel in die klagte dat die polisie hulself teen kommunistiese bedrywighede hou.

En vandag moet ons glo dat hierdie selfde kabinet wat geen twee-drie jaar gelede Afrikaners vervolg en kommuniste vertroetel het... hierdie regering is die aangewese verdediger van Suid-Afrika teen die kommuniste. Ons hoor hul stemme... maar ons glo hul woorde nie.

SEKRETARIS BEVRY

Destyds het die Minister van Justisie 'n deputasie, bestaande uit twee naturelle, 'n Jood en 'n wit vrou, te woord gestaan oor 'n aanklag wat die openbare aanklaer onder die Noodregulasies teen die Uniale Sekretaris van die Kommunistiese Party ingebring het. Die sekretaris was (en is vandag nog) 'n Kaffer met die naam Moses Kotane. Hierdie meneer was luidens die Noodregulasies aangekla en die kommuniste wou die klagte dadelik laat onderdruk. Daarom het die deputasie die Minister gaan spreek. Hy het die aanklag sonder verhoor laat terugtrek... maar in daardie dae het hy toegesien dat professor Stoker en ander eerbare manne sonder verhoor en selfs sonder openlike aanklag in konsentrasiekampe gesmyt word.

BROEDERBOND

Daarom het ons destyds gesê dat ons daarvan aflei dat die Noodregulasies nie teen die Kommuniste (hierdie „duiwelse evangelie”) gemik is nie, maar

(Vervolg van bladsy 1)

wel teen die Christelik-nasionale Ossewabrandwag. In daardie dae was die gevaar vir blank Suid-Afrika, volgens hierdie menere in die Uniegebou nie die agente van die „duiwelse evangelie” nie... maar wel die Broederbond! Nie opruiers van swart teen wit soos die kommunistiese agitators nie, maar wel manne soos dr. Herman Mönnig, dr. Avril Malan en ander Afrikaners wat uit die staatsdiens moes trap, waar hulde deur navorsingswerk vir die boer in Suid-Afrika meer gedoen het as al die Ministers saam.

IN KABINET

Nou kla generaal Smuts dat die kommuniste die gevaarlike taktiek van „infiltrasie” gebruik. Hulle sypel deur handlangerverenigings in die vakbonde ensovoorts, in. Hy hoef nie sover as die vakbonde te gaan nie. Hy hoef nie verder as sy eie kabinet te gaan nie! Die man wat hom jare lank as Minister ter syde gestaan het en wat vandag Minister van Arbeid is en juis met die vakbonde te doen het, dr. Colin Steyn, is ere-president van die kommunistiese Friends of the Soviet Union.

Maar genl. Smuts kla oor die infiltrasie in die vakbonde... en hy wil hê ons moet glo dat hy werklik besorg is. En ons moet aan 'n kabinet waarvan meer as die helfte aan kommunistiese handlangers-organisasies as erelede, of selfs ere-presidente behoort — aan sulke manne moet die blanke Afrikaner die voortou laat in die komende stryd teen die kommunisme!

VENNOTE

Dit is 'n verregaande sinisme! Nee, daardie manne wat destyds ere-poste in 'n kommunistiese vereniging, die Friends of Soviet-Russia, bekleed het moet begryp dat ons hulle op hulle woord en daad getakseer het, en ons beskou hulle as die junior-vennote van die kommunisme. Op hul ergste is hul kommuniste en op hul beste... opportuniste!

Vir geen van beide gaan hier-

die volk tyd hê in die stryd wat voorlê nie.

Om die stryd, die lewensbelangrike stryd, van die Afrikaner teen die kommunisme te voer in die jare wat voorlê moet ons sekerlik van hul handlangers en „Friends of the Soviet Union” in die Uniegebou ontslae raak, hoe gouer hoe beter. En wat die Ossewabrandwag kan doen om van die regering ontslae te raak gaan ons seer sekerlik doen. Daar kom 'n golf van Afrikaner samewerking; Afrikaners van alle partye en van alle organisasies voel die gebiedende noodsaaklikheid om saam te staan in die eerste rondte, wat die Uniegebou van die kommuniste se vriende moet skoonveeg. Ook die O.B. sal in daardie samewerking sy rol speel, daaraan hoef niemand te twyfel nie.

En nadat ons die Uniegebou skoonveeg het van die kommunistiese „Friends” gaan ons die land skoonveeg van die Kommuniste self!

Die vergadering, wat gehou is onder voorsitterskap van genl. Hein Richter, waarnemende Gebiedsleier, is ook toegesprek deur dr. Jan Steyn van die Afrikanerparty, en generaal Louis Botha. Die saal was stampvol werkers en belangstellendes. Geen steurings is gemaak nie.

£120,000 Vir Spesiale Immigrasie-Huise

Onderwyl daar in Kaapstad byna agtduisend persone op huise wag, het die regering in sy politieke gewetenloosheid dit goed gedink om £121,781 aan die behuising van immigrante te bestee. Hierdie koste is aangegaan deur die Departement van Openbare Werke in die omskepping van die militêre hutte te Wynberg in huise sodat die immigrante wat verlede week, en die wat reeds op pad is, daar kan gaan woon.

Intussen moet tansburgers tevrede wees om selfs in kelders, motorhuise en saamgehoekte kamertjies te woon.

Politieke Gevangene Op Hongerstaking

Protes Teen Strafvermeerdering

Uit Pretoria word verneem dat J. A. van Zyl 'n politieke gevangene uit die oorlogsjare wat nog steeds in die Sentrale Gevangenis opgesluit word, Maandag, 28 April, begin hongerstaak het omdat die gevangenis-owerhede geweier het om hom te ontslaan op die datum waarop sy straffermyn verstryk het.

Mnr. van Zyl is in 1942 tot tien jaar gevangenisstraf met harde arbeid veroordeel onder die noodregulasies.

Kort na sy opsluiting in die tronk in 1942 het mnr. Van Zyl 'n poging aangewend om te ontsnap. Hiervoor is hy voor 'n magistratuur aangekla wat hom egter onskuldig bevind het. Die superintendent van die gevangenis het Van Zyl 'n straf van sowat 21 dae op ryswater en 'n maand in kettings opgelê, as gevolg waarvan 90 van sy goeie-gedrag-punte, wat gelyk staan aan 30 dae remissie, verbeurd verklaar is.

Dit het beteken dat mnr. Van Zyl van sy dertig maande gewone remissie een maand verloor het wat hy dan langer in die gevangenis sou moes bly. Met die orige remissie, tesame met die ekstra remissie wat die koning aan alle bandiete — naturelle-rowers en -verkragters inkluis — verleen het, moes mnr. Van Zyl op die 28ste dag van verlede maand reeds sy ontslag uit die tronk gekry het.

VERMEERDER STRAF

Instede egter dat die gevangenis raad, wat die gewone remissie aan gevangenes toeken, Van Zyl vir loslating op 28 April aanbeveel het, het hulle aanbeveel dat hy nog twee maande in die tronk moet vertoef. Dit beteken dat mnr. Van Zyl eers op 8 Julie 1947 losgelaat sal word.

Van Zyl beskou dit as 'n vermeerdering van 'n 5-jaar-oue straf, wat bitter onregverdig is en daarom het hy op hongerstaking gegaan en nie omdat hy 5 jaar gelede gestraf is weens „a serious breach of prison discipline” soos die Engelse koerante dit het nie.

BAIE ERNSTIG

Die toestand van mnr. Van Zyl was Maandag baie kritiek; sy bene en arms het reeds ingeggee, maar toe ons ter perse gegaan het, het hy nog in sy sel gelê.

Na verneem word, het die ander politieke gevangenes besluit om Vrydag te begin met 'n eetstaking uit simpatie met hul makker, tensy voor die tyd aan sy eis voldoen word.

VRA MEER JODE

'n Joodse afvaardiging het die Eerste Minister verlede week gespreek oor die moontlikheid om die immigrasie van Jode wat familie in Suid-Afrika het, toe te staan.

Op die Carnarvon Castle, wat verlede Vrydag in Kaapstad aangekom het, was daar onder die meer as 700 immigrante uit Brittanje, 'n hele paar Jode. Elkeen het 'n huisgesin saamgebring. Hulle is blykbaar ook deur die keur-komitee van die regering geskik geag om die Unie se tekort aan vakmanne aan te vul. Een van hulle is 'n luitenant van beroep.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN
MONUMENTWERKE
(Eiens.) BPK.
Voortrekkerweg - MAITLAND



GEKLEUR VIR

NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35

Foon 214

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-
★ SKOONMAAK

DIF PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halfstrief)